BO: Dr. Fred Potgieter, die vader van die buffelteelprojekte wat die Laeveld-teelmateriaal vir die nageslag bewaar het. KOPIEREG: F. POTGIETER

LINKS: Ideale buffelbulle. Die wye horingspan met 'n diep draai gee balans. FOTO: IAAN DU TOIT

REEKS BUFFELS 2

Só oorkom buffelbedryf struikelblokke

Die Suid-Afrikaanse wild- en veeartsbedryf het nog altyd maniere gekry om met teelprojekte spesifieke buffelteelmateriaal behoue te laat bly.

KORTOM

- Buffels se voortbestaan is in die verlede gekniehalter deur siektes.
- Na raming is daar vandag minstens 35 518 siektevrye buffels in Suid-Afrika en altesaam 60 000 buffels in private besit.
- Die oplewing in die wildbedryf het verseker dat voortreflike bulle se teelmateriaal behoue bly.

Buffels was altyd 'n gesogte diersoort onder wildboere en siektevrye buffels was so skaars soos hoendertande. Erkende boere, soos mnr. Tilman Ludin, 'n stigterslid van die Thaba Tholo-wildboerdery van Thabazimbi, het in die laat 1990's koeie opgespoor in oorsese dieretuine, onder meer in Japan. Die teelmateriaal van dié Japannese dieretuin was van 'n Oos-Afrikaanse oorsprong en dit is by bestaande Addo-buffels van Thaba Tholo gevoeg.

In TABEL 1 word die groei in die getal geregistreerde buffelplase volgens provinsie weergegee. In 1995 was daar net geregistreerde plase in KwaZulu-Natal (6), Noordwes (13) en Limpopo (31). Die plase het van 50 in 1995 tot 2 809 in 2014 gestyg, 'n gemiddelde styging van 281% per jaar namate wildboere buffels toenemend as 'n goeie belegging beskou het. Die meeste plase is in Limpopo geregistreer en beslaan 46,2% van die aantal buffelplase en Gauteng die minste teen 1,2%.

Die gemiddelde buffelpryse op wildveilings word in GRAFIEK 1 aangetoon. Die data van 24 jaar dui daarop dat die gemiddelde veilingprys van 1991 tot 2008 konstant was. Eers in 2009 het die prys deur die R200 000-grens gebreek en vier jaar later deur die R1 miljoen-grens.

Dr. Kobus du Toit is 'n wildveearts wat spesialiseer in die bestuursaspekte van die teel van skaars herbivoorspesies. In dié reeks van vyf aflewerings oor buffels evalueer hy die groei in die bedryf, ontleed pryse wat buffels behaal, kyk na kenmerke waarvoor 'n mens moet selekteer, asook wêreldrekords, teelbeleid en faktore wat boere in ag moet neem as hulle met buffels wil teel.

Geborg deur: App leopard.tv

SA HET 5% VAN TOPGENE

Ek het 'n opname gedoen onder bekende buffelboere wat groot bulle adverteer om die risiko's vir versekeraars te evalueer. Dié 71 boere kan gereken word as die kern van die "stoetbedryf" van die buffelboere. TABEL 2 dui aan dat dié 71 boere met 110 bulle teel. Hulle vorm waarskynlik 5% van die topteelmateriaal in Suid-Afrika en kan met die stoetbeesbedryf vergelyk word.

Van die horingwaardes kan verouderd wees, want dit is gegrond op data in advertensies. Net twee telers het onderskeidelik ses en vyf bulle elk, maar van die bulle is in verskillende sindikate. As gereken word dat een bul gemiddeld met 25 voortreflike koeie gepaar word, kan daar minstens 2 750 stoetbuffelkoeie in Suid-Afrika wees.

As 'n parallel met die stoetbeesbedryf getref word, is daar drie kategorieë:

Stoetkuddes gebruik voortreflike teelmateriaal om die rasstandaarde te verbeter. Ouerskap kan met DNS-toetse bevestig word. Die diere word gewoonlik in semi-intensiewe toestande aangehou. Dié telers besit 5% van die algehele buffelbevolking. Vir buffels in Suid-Afrika is die aantal diere geraam op 110 bulle en 2 750 koeie. Die telers gebruik gewoonlik ook "ander bulle". Die bulle wat uitskieters is, word gewoonlik geteel deur hoëgehaltekuddes en word deur eienaars van stoetkuddes aangekoop.

Hoëgehaltekuddes teel uitsonderlike diere wat in die stoetbedryf geabsorbeer word, maar ouerskap kan nie bepaal word nie. Minder voortreflike diere van hierdie kuddes gaan na die kommersiële kuddes toe. Hierdie kuddes word gewoonlik in ekstensiewe toestande aangehou en vorm 15% van die buffelbevolking. Die telers gebruik "eie bulle" wat hulle self teel. Die leuse van dié kuddes is: "Keep the best and eat the rest."

Vermenigvuldigers is waar buffels slegs geteel word om getalle te vermeerder in ekstensiewe toestande en beslaan 80% van die totale getal buffels. Die diere is vir kommersiële gebruik, soos jag, vleis (manlike diere) en lewende verkope (vroulike diere).

MARK BLY SÓ VOLHOUBAAR

Indien stoetboere nie strukture gereed het waarmee hulle aantekeninge byhou nie, gaan hul mark nie in die toekoms volhoubaar wees nie, want geen teler gaan weet waar sy teelmateriaal in die buffelbedryf inpas nie. Daar moet dus 'n stamboek wees waarin voortreflike diere opgeneem kan word met doelwitte waarvoor telers kan teel.

Buffelboere moet die volgende vrae in die toekoms beantwoord:

- Waarvoor teel ek?
- Het ek 'n prentjie van die ideale buffel?
- Wat is die belangrikste seleksie-eienskappe waarvoor ek teel?
- Watter horingafmetings is belangrik?
- Aan watter rasstandaarde moet die ideale buffel voldoen?
- Hoe word 'n beproefde teelbul geëvalueer?

TABEL 1: GROEI VAN GEREGISTREERDE BUFFELPLASE VOLGENS PROVINSIE (1995-2014)

PROVINSIE	1995	2007	2014	TOTAAL (%)
Gauteng	0	29	33	1,7
Wes-Kaap	0	51	72	2,5
Mpumalanga	0	66	123	4,3
Noord-Kaap	0	107	178	6,3
KwaZulu-Natal	6	172	232	8,2
Vrystaat	0	131	283	10
Noordwes	13	123	286	10,1
Oos-Kaap	0	207	302	10,7
Limpopo	31	762	1 300	46,2
TOTAAL	50	1 648	2 809	100

Bron: Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

TABEL 2: TELERS EN AANTAL STOETBULLE WAT IN SUID-AFRIKA GEBRUIK WORD

Getal telers	1	1	3	5	11	50	71
Bulle per teler	6	5	4	3	2	1	
Totaal (bulle)	6	5	12	15	22	50	110

Bron: Eie data.

Mnr. Tilman Ludin, een van die pionierboere wat met siektevrye buffels geboer het. FOTO: R. VAN DER WESTHUIZEN

GROOTTE NATUURLIK BEPAAL

In GRAFIEK 2 word 71 telers se bulle ten opsigte van horinglengte vergelyk. Die grafiek toon 'n duidelike skeiding van twee groepe bulle waarmee geteel word: bulle met horings groter as 48 duim en dié wat kleiner is as 48 duim. Die groot bulle word in stoetkuddes opgeneem en die kleiner bulle in kommersiele kuddes. Dit beklemtoon die feit dat daar dalk 'n tekort aan 48 duim- tot 49 duim-bulle op die mark is, anders sou die grafiek 'n normale verspreidingskurwe gevolg het. Telers kan ook stilbly oor 49 duim-bulle in afwagting dat hulle vyftigduimers kan word.

Die vraag kan gevra word hoekom die horingwydte van die Oos-Afrika-buffel wyer is in vergelyking met sy suidelike eweknie van die Laeveld. Die antwoord is waarskynlik in natuurlike seleksie opgesluit.

In Oos-Afrika is baie oop grasvlaktes en kan buffels met langer horings hulle doeltreffender teen roofdiere, soos leeus, verdedig. In die Laeveld het die buffel met 'n wye horingspan 'n probleem om in digte bosse te vlug as leeus op hulle jag maak.

SUKSESVOLLE TEELPROJEKTE

Die eerste artikel in die reeks ("Jagstatus 'red' buffels van uitsterwing", *LBW*, 7 April 2017) toon dat Addo se bosbuffels behoue gebly het ná die runderpes en Oos-Afrika-buffels van oorsese dieretuine ingevoer is om in die tekort aan siektevrye buffels te voorsien.

Die gene van die Laeveld-buffel is met die uitbreking van tuberkulose in 1990 bedreig. Eers was die uitbreking in die suide van die wildtuin, maar vandag is dit deur die wildtuin versprei en het dit na ander diersoorte oorgespoel. Dit is onlangs by witrenosters in die Krugerwildtuin gediagnoseer.

'n Projek waarvoor die staatsveeartsenydiens lof verdien, is toe buffelteelprojekte met korridor- en bek-en-klouseer-besmette buffels van die Krugerwildtuin in 1996 goedgekeur is. Dié diere het in gekontroleerde toestande siektevrye kalwers – wat ook vry was van tuberkulose – geteel, wat by onbesmette kuddes gevoeg kon word. Die skrywer het die protokol geskryf wat drr. Fred Potgieter en Johan Krige goedgekeur het.

Die teelprojekte is in 2010 uitgefaseer toe 28 projekte deelgeneem het om sowat10 000 diere met Krugerwildtuin-teelmateriaal tot Suid-Afrika se buffelbevolking te voeg. **LBW**

*Die reeks word geplaas danksy samewerking met **Leopard.tv**. Besoek **www.leopard.tv** vir meer inligting.*

GRAFIEK 1: GEMIDDELDE BUFFELPRYSE OP WILDVEILINGS (1991 - 2015)



BRON: NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOM, DPT. VAN EKONOMIE

GRAFIEK 2: AANTAL BUFFELBULLE/ HORINGLENGTE (DUIM)



BRON: EIE DATA.